

# GEMEENTE.

# LES 4

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] MARKUS 11:20 - 14:72
----------	------------------	-------------------------------------

*Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Markus 11:20 – 14:72). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute)	[CHRISTELIKE KARAKTER] (4) ROMEINE 4:20-21
----------	-------------------------	---

**Repeteer** twee aan twee.

(4) Geloof. Romeine 4:20-21. “Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar Hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy belooft het.”

<b>4</b>	BYBELSTUDIE (85 minute)	[EVANGELIE VAN JOHANNES] (2) JOHANNES 1:1-18
----------	-------------------------	---

Die doel om saam in 'n klein groep Bybelstudie te doen is om saam te groei in ons verhouding met Christus en met mekaar. Ons help mekaar om kennis en begrip van die Bybel te verwerf en die waarhede in die Bybel toe te pas. Daarom is dit belangrik dat die groepslede mekaar aanspoor om deel te neem aan die Bybelstudie en die bespreking daarvan. Die bydrae van elke lid van die groep is belangrik. Niemand moet ongemaklik voel as hy iets sê wat teologies nie heeltemal korrek is nie. Die groepslede bemoedig mekaar om die Bybel steeds beter te verstaan. Elke lid moet ervaar dat die ander *luister* na wat hy sê, hom *ernstig neem* en hom heeltemal *aanvaar*. Die groepslede wedywer nie met mekaar wie die meeste of juiste Bybelkennis het nie. Hulle spoor mekaar aan om vrymoedig deel te neem en saam verder te groei.

Die vyf stappe Bybelstudie metode is ontwerp om die groepsleier te help om homself goed voor te berei, om antwoorde te gee op die moeilikste vrae uit elke hoofstuk en om die Bybelstudie bespreking maklik te maak. Deelnemers sal ook ander waarhede ontdek, ander vrae stel en ander toepassings maak dan wat in hierdie studie staan.

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Johannes 1:1-18.

**Inleiding.** Johannes 1 tot 12 vertel oor die openbare bediening van Jesus Christus. Hy openbaar Homself in steeds wyer kringe, maar word uiteindelik tog verwerp. Johannes 1:1-14 beskryf die heerlikheid van die Woord van God in die begin nog vóór die skepping, by die skepping, ná die sondeval en by sy menswording, toe God die menslike natuur in Jesus Christus aangeneem het. Johannes 1:15 tot 2:12 beskryf die Woord, Jesus Christus, wat Homself openbaar aan Johannes de Doper en aan sy eie eerste dissipels.

<b>STAP 1. LEES.</b>	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Johannes 1:1-18 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <i>Skryf neer.</i> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

1:12-13

### Ontdekking 1. 'n Kind van God word.

Johannes 1:12-13 sê: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ’n mens of die besluit van ’n man nie, maar hulle is uit God gebore.” Hierdie woorde leer my hoe ’n mens ’n kind van God word.

Om ’n kind van God te word is ’n soewereine daad van God. Die Bybel leer dat elke mens wat opreg in Jesus Christus glo “uit God gebore” is (Johannes 1:12-13). As iemand glo, word hy ’n kind van God (d.w.s., hy word wedergebore)

- nie deur sy natuurlike afkoms (Grieks: “bloed”), d.w.s. nasionaliteit, bv. uit Abraham (vergelyk Johannes 8:31-59; Lukas 3:8; Galasiërs 3:11,28) nie.
  - nie deur die fisiese (seksuele) drang van sy ouers (Grieks: “die wil van die vlees”) (Johannes 3:6) nie
  - nie deur sy eie vrve wil of besluit (Grieks: “die wil van ’n mens”) (Romeine 8:7-8; 9:11,16) nie,
- maar alleen deur uit God gebore te word (Grieks: egnéthésan) (aoristus, passief) (Johannes 3:3-8; Johannes 17:2; Romeine 8:29-30; Efesiërs 1:4-5).

Elke mens wat die evangelie hoor, kan ’n kind van God word. Alhoewel Jesus Christus die wêreld gescape het en selfs in die wêreld onder die mense geleef het, het baie mense Hom nie verwelkom nie. Tog was daar ook baie wat Hom wel verwelkom het. Hy het die profesie in Lukas 2:34 vervul, “Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot ’n val en ’n opstanding van baie in Israel”, en volgens 1 Petrus 2:6-8 ook in die res van die wêreld. “Hy is ’n teken wat weersprek sal word, opdat die gesindheid (oorleggings) van baie mense aan die lig kom.” As Johannes sê, “Almal wat Hom aangeneem het”, dan bedoel hy mense van watter volk in die wêreld ook al. Jesus Christus het nie alleen vir die Jode gekom nie, maar ook om mense uit elke volk en taal in die wêreld te verlos.

Alleen mense wat in Jesus Christus glo, word kinders van God. Om in Jesus Christus te glo, beteken in Hom te glo soos Hy Homself in die Bybel geopenbaar het (en nie soos ander godsdienste Hom voorstel nie). Die mens wat hierdie waarheid in sy hart “glo”, sal Jesus Christus (die Gees van Jesus Christus) in sy hart en lewe aanneem. Hom “aanneem” beteken Hom *verwelkom*, Hom openlik as Verlosser *erken* en *bely* en met sy innerlike en uiterlike lewe *in besit neem*.

Jesus gee hulle mag (of die reg) kinders van God te word. Jode *noem hulleself* graag “kinders van Abraham”, maar gelowiges in Jesus Christus *ontvang die reg en die vermoë* van Jesus “kinders van God” te wees!

Kinders van God “te word” beteken nie dat hulle eers in die toekoms kinders van God word nie. Dit beteken dat hulle nou al kinders van God is deur ’n onmiddellike daad van God wat “die wedergeboorte” genoem word. Hulle is al regverdig verklaar (en word as regverdig beskou en behandel), hulle is volkome vergewe en hulle het al die ewige lewe. Hul posisie (staat) is dat hulle kinders van God is.

Maar dit beteken ook dat hulle met ’n proses van “heiligmaking” begin het, ’n groeiproses, waarin hulle steeds meer gaan lyk op kinders van God (2 Korintiërs 3:18). Die hoogste werklikheid van ’n kind van God word “verheerliking” genoem. Dan is die gelowige in sy menslike gees (1 Johannes 3:1-3) en in sy menslike liggaam (Filippense 3:20-21) heeltmaal gelykvormig aan Jesus Christus in sy menslike natuur geword.

---

1:16-17

### Ontdekking 2. Die werklike onderskeid tussen die wet en die genade.

Johannes 1:16-17 sê, “Uit sy oorfloed het ons almal genade op genade ontvang. God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.” “Die wet” in die Ou Testament het bestaan uit die morele wet, die seremoniële wet en die burgerlike wet. Daar was niks verkeerd met hierdie wet nie. God het hierdie wet aan Moses (“deur engele gepraat”) (Hebreërs 2:2) gegee. Die doel van die wet was nie om mense te regverdig of te red nie, maar om mense voor te berei om die Messias, Jesus Christus, te ontvang

- Enersyds het die wet sonde en die verlore toestand van die mens geopenbaar
- Andersyds was die wet “’n skaduwee” van God se verlossing

Maar daar was twee dinge wat die wet nie kon doen nie.

- Die wet het geen genade gebring om sondes te vergewe en mense in hul verlore toestand te help nie
- Die wet het ook nie “die waarheid” in die sin van “die werklikheid van die skaduwees (die tipes, illustrasies) waarheen hulle wys” gebring nie. Byvoorbeeld, die wet het nie die werklike aard van die Ou-Testamentiese tempel, priesterdom, offerandes, ens. wat tipes/illustrasies van die Nuwe-Testamentiese werklikheid was (Kolossense 2:17; Hebreërs 10:1), geopenbaar nie!

Alleen Jesus Christus het deur sy dood en opstanding:

- enersyds “die genade wat sondes vergewe en mense uit hul verlore toestand red” verdien/verwerf en moontlik gemaak
- en andersyds deur die wet te vervul “die waarheid/werklikheid of ware aard van God se verlossingsplan” geopenbaar (byvoorbeeld, sy soenoffer aan die kruis was die vervulling van alle Ou-Testamentiese offerandes).

### STAP 3. VRAAG.

### UITLEG

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 1:1-18 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

#### Vraag 1. Wie is "die Woord" en wat het Hy gedoen?

##### **Aantekeninge.**

"Die Woord" is 'n belangrike Naam vir Jesus Christus.

(1) Jesus Christus word 'die Woord' genoem omdat Hy God sigbaar geopenbaar (uitgedruk) het.

As mense praat, druk hulle hul onsigbare gedagtes uit in hoorbare woorde. So druk Jesus Christus die innerlike gedagtes en onsigbare wese van God hoorbaar en sigbaar uit aan mense. Jesus Christus is die sigbare openbaring van die onsigbare God binne die beperkte grense van menslike woorde en die menslike skepping (bestaan) op die aarde (Kolossense 1:15). Alleen Jesus Christus was aanwesig by God in die hemel en ken sy gedagtes, planne en woorde. Hy openbaar aan ons wat ons behoort te weet oor God en sy plan. "Niemand ken die Seun nie behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekendmaak" (Matteus 11:25-27).

(2) Jesus Christus is God.

Die Evangelie van Johannes benadruk dat Christus niemand minder as God is (Johannes 1:1-3; vergelyk 1 Johannes 5:20; Romeine 9:5; Hebreërs 1:3). Hy bestaan van alle ewigheid en het dieselfde natuur as God die Vader (vergeelyk Handleiding 2, supplement 8 "Die aard van God en die Seun van God).

(3) Jesus Christus was altyd by God.

Hy is nooit geskep nie. Om hierop die nadruk te lê, gebruik vers 1 en 2 *onvoltooide tye van die werkwoorde!* Hy bestaan voortdurend van alle ewigheid. Hy bestaan altyd in die nouste moontlike gemeenskap en die mees intieme verhouding tot God die Vader. Hy bestaan van alle ewigheid in onderskeid van God die Vader.

Dus die Evangelie van Johannes benadruk drie waarhede oor Jesus Christus:

- Hy is waaragtig God
- Hy bestaan van alle ewigheid
- en Hy het 'n onderskeidende persoonlikheid van God die Vader met Wie Hy in 'n verhouding van liefde en voortdurende gemeenskap verkeer.

(4) Jesus Christus het die heelal geskep.

Om die nadruk te lê op die feit dat Christus alles sonder uitsondering geskep het, gebruik vers 3 die aoristus en voltooid teenwoordige tye: "Alles het eens en vir altyd deur Hom tot stand gekom (aoristus): ja, nie 'n enkele ding wat bestaan (voltooid teenwoordige tyd), het sonder Hom tot stand gekom nie (aoristus)." Jesus Christus het die heelal met sy ontelbare sterre, die son, die maan, die aarde (vergeelyk Genesis 1:1) en ook die mens geskep (vergeelyk Genesis 1:27).

---

1:4-5

#### Vraag 2. Wat beteken: Jesus is "die lewe" en "die lig"?

##### **Aantekeninge.**

"In Hom was daar lewe, en die lewe was die lig vir die mense" (Johannes 1:4). Jesus Christus word "die lewe" genoem omdat Hy die attribute (eienskappe, kenmerke) van God beliggaam. Hy is God. En Hy word "die lig" genoem omdat Hy hierdie attribute van God sigbaar geopenbaar het. Jesus Christus openbaar God sigbaar aan mense.

Om die nadruk te lê op die feit dat "die lewe" van alle ewigheid in Christus was, gebruik vers 4 *die onvoltooid verlede tyd*: "was". Die uitdrukking "lewe" verwys na die volledigheid van God se wese, na sy heerlike attribute (eienskappe, kenmerke) as byvoorbeeld sy absolute waarheid, almag, alomteenwoordigheid, heiligheid, liefde, soewereiniteit, ens. Hierdie "lewe" is die bron vir *al die geskape lewe* en vir *al die geestelike lewe*. Dit is die grond vir *die algemene openbaring* en *die spesiale openbaring* van God aan mense.

As hierdie lewe sigbaar gemanifesteer word, word dit "lig" genoem! Dus is Jesus Christus die sigbare openbaring (uitdrukking) van die onsigbare God en God se attribute (goddelike eienskappe) (vergeelyk Johannes 14:9; Kolossense 1:15). Alleen deur Jesus Christus kan ons God ken en sy liefde ervaar. In die Ou Testament skyn Christus as Lig in die profesieë, die belofte en die illustrasies (skaduwees) wat mense uitnooi. Byvoorbeeld, die paaslam het vooruit gewys na die soenoffer van Christus wat die gebelgdheid van God teen die sonde wegneem. Die daaglikse bloedoffers in die tempel het vooruit gewys na die bloed van Christus aan die kruis wat die sondaar van alle ongeregtigheid reinig. "Sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie" (Hebreërs 9:22). Die slang wat in die woestyn

aan 'n paal omhoog gehys was, het vooruit gewys na die kruis waarop Jesus Christus omhoog gehys is. Christus het nie alleen sigbaar gedurende die Ou-Testamentiese periode verskyn nie, maar ook gedurende die Nuwe-Testamentiese periode. Hy het gesê, “Wie My sien, sien die Vader”. Elk houding, woord en daad van Christus openbaar die onsigbare wese van God.

---

1:9

Vraag 3. In welke opsig word elke mens verlig?

**Aantekeninge.**

Wanneer 'n mens die evangelie hoor, verlig Christus hom. Christus gee hom 'n bepaalde mate van insig in geestelike sake. Die mens besef dat God regtig bestaan. Of hy besef dat hy in die duisternis leef (in een of ander afgod glo of in een of ander slawerny leef) en 'n Verlosser nodig het. Of hy ontdek dat God 'n weg van verlossing aanbied vir elkeen wat glo.

Maar selfs al weet, begryp of besef 'n mens dit alles, lei dit nog nie noodwendig tot sy verlossing nie! Die teksverband leer dat nie elke mens verlos word nie.

- Vers 5 sê (letterlik) dat nie elke mens die Lig “begrp” of “aangryp” (in besit neem)<sup>1</sup> nie (ANV: nie uitdoof nie).
- Vers 10 sê dat nie elke mens die Lig “herken” of “erken” nie<sup>2</sup>.
- En vers 11 sê dat nie elke mens die Lig “verwelkom” of “aanneem”<sup>3</sup> nie.

Daar is mense wat die evangelie hoor, maar nie aanneem nie, omdat hulle verkies om in die duisternis te bly lewe (Johannes 3:19-21). Maar deur God se soewereine genade is daar ander mense wat Jesus Christus as hul Verlosser aanneem en gered word (Johannes 1:12-13; 1 Johannes 5:11-13). Die evangelie van Johannes leer nie 'n algemene versoening (die leer dat alle mense verlos/gered word) nie. Maar dit leer wel sekerheid van verlossing, naamlik, dat elke mens wat verlos word, ook verlos bly!

---

1:10

Vraag 4. Wat word bedoel met die woord “wêreld”?

**Aantekeninge.**

Die woord “wêreld” (Grieks: kosmos) het die volgende verskillende betekenisse in die Evangelie van Johannes:

(1) Die wêreld as die geordende heelal.

(Johannes 1:10a,b; 17:5,24). Die aarde (Johannes 21:25).

(2) Die wêreld as die teater van die menslike geskiedenis.

Die ryk van die mensheid, die mense op die aarde, die mensheid (Johannes 1:9, 10c; 3:19; 9:39; 11:27; 12:46; 14:31; 16:21,28; 17:18; 18:36-37).

(3) Die wêreld as die algemene publiek.

(Johannes 7:4; 14:22).

(4) Die wêreld as die verlore mense.

Hierdie wêreld is vervreemd van die lewe van God, oorlaai met sonde, onderhewig aan God se regverdige oordeel, die mense wat verlossing nodig het (Johannes 1:10c; 3:19). Hierdie betekenis gaan dikwels oor in die betekenis onder nommer 6.

(5) Die wêreld as mense uit alle volke.

Dit is die wêreld van verlore mense (soos in Johannes 3:19, met die bykomstige betekenis) sonder onderskeid volgens ras, nasionaliteit of taal (Johannes 4:42) en sonder te impliseer dat dit verwys na elke individu (Johannes 1:29; 3:16; 3:17; 4:42; 6:33,51; 8:12; 9:5; 11:52; 12:32; 1 Johannes 2:2; 4:14-15). Johannes sê dat Jesus die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem. Hier kan die betekenis nie “elke individu wat ooit in die wêreld geleef het” beteken nie, omdat die Bybel nie leer dat alle mense gered word nie. Ook Johannes 3:16 het hierdie betekenis en sê dat God mense uit elke stam, volk en taal in die wêreld liefhet, sonder te impliseer dat Hy na elke individu verwys (vergeelyk Psalm 5:4-6; 11:5; Lukas 14:26; Romeine 1:18; 9:13; Hebreërs 1:9; Jakobus 4:4).

(6) Die wêreld as die gebied van die kwaad.

Dit is die wêreld van verlore mense wat die kwaad doen en openlik vyandig teen God, Christus en die Christene is (Johannes 7:7; 8:23; 12:31; let op dat die duiwel uit sy posisie van mag gedryf is by die eerste koms van Christus; 14:17,30,31; 15:18; 17:9,14-16,25; 1 Johannes 5:19, let op dat die duiwel geen vat op 'n wedergebore Christen het nie)!

(7) Die wêreld as al God se uitverkore mense.

Al God se uitverkore mense uit alle volke (Johannes 4:42; 1 Johannes 4:14).

Dit is belangrik om te besef dat 'n woord in die Bybel as “wêreld” verskillende betekenisse kan hê!

---

<sup>1</sup> Grieks: katalambanó

<sup>2</sup> Grieks: ginuskó

<sup>3</sup> Grieks: paralambanó

1:14

Vraag 5. Wat beteken die woord "vlees"?

**Aantekeninge.**

Die woord "vlees" het ook verskillende betekenis in die Evangelie van Johannes.

(1) Vlees as 'n mens.

Johannes 1:13-14. Johannes sê dat "'n gelowige nie uit vlees, maar uit God gebore is". Hier beteken "vlees" die mens of die menslike natuur sonder enige negatiewe etiese waarde. Wedergeboorte is van die begin tot die einde nie 'n werk van die mens nie, maar van God! Ook in Johannes 1:14 sê Johannes dat Jesus "vlees" geword het, d.w.s., dat Hy die swak menslike natuur aangeneem het. Alhoewel Hy sondeloos was, het Hy die vloek van die menslike sonde gedra totdat Hy met sy dood versoening vir sondes gemaak het. Tot die tyd was Hy onderworpe aan die swak menslike natuur, aan vermoeidheid, honger, dors, pyn, ellende en die dood (vergelyk 1 Korintiërs 15:50).

(2) Vlees as die sondige menslike natuur.

Johannes 3:6. Jesus sê (letterlik), "Wat uit die vlees gebore is (ANV: wat uit die mens gebore is), is vlees (ANV: mens); en wat uit die Gees gebore is, is gees." Hier beteken "vlees" die menslike natuur as die toneel en die draer van sondige begeertes; dit gee uitdrukking aan die mens soos hy van nature is. Paulus gebruik dit baie in hierdie betekenis.

(3) Vlees as die plaasvervangende soenoffer van Christus.

Johannes 6:51-56. Jesus sê, "Dit verseker Ek julle: As julle nie (letterlik:) die vlees (ANV: die liggaam) van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie." Hier praat Jesus oor sy plaasvervangende soenoffer aan die kruis wat 'n gelowige moet "eet", d.w.s., in geloof moet aanneem (moet inneem) om die ewige lewe te beërwe.

(4) Vlees as die uiterlike voorkoms of die menslike standaard.

Johannes 8:15. Jesus sê aan die Fariseërs, "Julle oordeel oor iemand volgens (letterlik:) die vlees" (ANV: sy uiterlik). Hier beteken "vlees" die uiterlike voorkoms of die menslike standaard.

---

1:14,18

Vraag 6. Hoe moet ons die uitdrukking "die Eniggebore Seun van God" verstaan?

**Aantekeninge.**

Die uitdrukking "die Eniggebore Seun" (ANV: die enigste Seun van die Vader) is geen verwysing na iets in hierdie geskape wêreld nie. Dit verwys nie na een of ander "begin" in die verlede. Dit is 'n uitdrukking vir die metafisiese, ontologies, ewige en trinitariese wese van Jesus Christus.<sup>4</sup>

Johannes 3:16 bewys dat Hy die Eniggebore Seun van God was *vóór* dat Hy die menslike natuur aangeneem het.<sup>5</sup> Johannes 1:18 in die oudste en beste handskrifte in die Grieks sê dat Christus "die Eniggebore God" (in plaas van die Eniggebore Seun) is. Omdat God ewig is, verwys die uitdrukking na die ewige, metafisiese, ontologies en trinitariese Seunskap van Christus. Hy is die Seun van God van alle ewigheid tot alle ewigheid. Van alle ewigheid bestaan God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees in hierdie unieke verhouding tot mekaar.

Daar bestaan maar "één (unieke) God" (Markus 12:29) en ook maar "één (unieke) naam van God" (Matteus 28:19). Sy wese is "Gees" (Johannes 4:24; Romeine 8:9-10) en sy wese kan dus nie in 'n wiskundige getal uitgedruk word nie.<sup>6</sup> En tog het hierdie *unieke* God Homself as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees geopenbaar (Matteus 28:19). God openbaar aan ons mense dat daar 'n innerlike onderskeiding in die goddelike wese bestaan wat die menslike begripsvermoë verre te bowe gaan, maar waaraan die mens hom wel in gehoorsaamheid moet onderwerp. Niemand in enige godsdiens ken God die Vader dan alleen God die Seun en die mense aan wie God die Seun dit wil openbaar (Matteus 11:25-27; Johannes 10:15; 17:25-26). Daarom staan daar geskrywe: "Jesus Christus het Hom (God) bekend gemaak". Die woord: "bekend gemaak" (Grieks: exégésatō) beteken: "uitgelê", "verklaar". Jesus Christus is God se eksegese.

**STAP 4. DOEN.**

**TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 1:1-18.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

<sup>4</sup> Vergelyk handleiding 2, supplement 8. "Die aard van God en die Seun van God"

<sup>5</sup> Dit kan dus nie verwys na 'n geboorte wat deur 'n mens verwek is nie!

<sup>6</sup> Want Hy is immers alomteenwoordig- Hy bestaan bo 'n wiskundige getal. Elke wiskundige getal is begrens!



## 1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 1:1-18.

- 1:12. Dis nie genoeg om alleen maar kennis oor Jesus Christus te hê nie. 'Kennis' oor Jesus Christus in enige godsdienstige boek is nie genoeg nie! 'n Mens moet Hom in sy hart en lewe aanneem, verwelkom.
- 1:13. 'n Mens wat Jesus Christus aanneem, is wedergebore!
- 1:16. Volhard om uit die volheid van sy genade te lewe.
- 1:17. Die werklike betekenis van die Ou-Testamenties illustrasies (tipes) soos die tempel, die bloedoffers en die Sabbat word in Jesus Christus in die Nuwe Testament geopenbaar.
- 1:18. Jesus Christus openbaar en verklaar die onsigbare God sigbaar aan die mense

## 2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 1:1-18.

Ek wil mense help om Jesus Christus te ken en in hul hart en lewe aan te neem. Johannes 1 waarsku al dat daar baie mense in die wêreld is wat verkies om in die duisternis te bly lewe. Hulle verwelkom Jesus Christus nie. Hulle erken Jesus Christus nie, maar verloën Hom. Hulle neem Jesus Christus nie aan nie, maar verwerp Hom. Maar Jesus Christus belooft dat welke mens wat Hom ook al aanneem, op daardie oomblik 'n kind van God word en vir die res van sy lewe steeds meer op Christus gaan lyk.

Ek wil nie volgens die wet lewe nie, maar volgens die genade en waarheid. Godsdienstige mense dink dat hulle deur die hou van die wet (die Tora, die Sharia) geregverdig (vergewe) sal word. Maar die Evangelie van Johannes leer dat mense alleen gered (verlos) word deur Jesus Christus en sy volbragte verlossingswerk in hul hart en lewe aan te neem.

### STAP 5. BID.

### REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 1:1-18.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

**5**

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]  
BID VIR ANDERE

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

**6**

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]  
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

*Deel* die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 1:1-18 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Markus 15:1 – 16:20 en 1 Korintiërs 1. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: (5) Nederigheid: Filippense 2:3-4. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.